Tel. **086 133 3786**
Faks (012) 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

OPROEP OM REFERATE

JAARLIKSE ALGEMENE SIMPOSIUM – 2020

van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Die SA Akademie se jaarlikse simposium vind vanjaar op 17 en 18 September 2020 in Stellenbosch plaas.

OORKOEPELENDE TEMA:

Tema: Armoede in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Die omvang en impak van amoede, ‘n geleefde ondervinding wat oor rassegrense strek, is rede tot ernstige kommer in die Suid-Afrikaanse samelewing. Daar word gereeld aangevoer dat die gaping tussen ryk en arm in Suid-Afrika van die grootste in die wêreld is. Daarby is ‘’die armstes van die armes” lank reeds nie slegs ‘n politieke slagspreuk nie, maar ‘n werklikheid wat sterk in die nasionale psige resoneer.

Die rol van die burgerlike samelewing en nieregeringsliggame word in hierdie tydsgewrig al hoe belangriker in die demokratisering van ons land en die fasilitering van transformasie. Omdat die verhouding tussen staat en burgery toenemend uitgedaag word in die proses om 'n deelnemende demokrasie te bestendig, is ‘n omvattende gesprek en verkenning van die verskynsel van armoede aangewese. Die Akademie, as ‘n “multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, (wat) streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes”, is uitstekend geposisioneer om aan hierdie gesprek deel te neem.

Armoede is nie net 'n gebrek aan inkomste nie, maar is die uitkoms van bepaalde sosio-ekonomiese toestande wat mense daarvan weerhou om ten volle hulle lewens as aktiewe landsburgers uit te leef. Armoede en die bestuur van hulpbronne soos water en steenkool, of armoede en aardverwarming kan daarby gevoeg word. Armoede en siektebeheer onder mens en dier, asook armoede weens langdurige droogte kan ook onder die loep kom. Die oorsake van armoede kan geanaliseer word vanuit multidissiplinêre perspektiewe.

Die Akademie wag referaatvoorstelle in oor hierdie tema en subtemas – verwante temas/terreine sal ook verwelkom word:

• oorsake van armoede • arm aan kennis/ kundigheid • armoede en ideologie • armoede en beleidsonsekerheid • armoede en korrupsie/staatskaping • armoede en die ekonomie • armoede en geweld • armoede en ouderdom	• armoede en taal • armoede en die onderwys • armoede en die kerk • armoede en die ekologie (aardverwarming) • armoede en gesondheidsdienste • armoede in die landbou • armoede en hulpbronnebestuur

Belangstellendes wat 'n bydrae (maksimaal 20 minute plus besprekingstyd van 5 minute) wil lewer, word hartlik uitgenooi om 'n voorlegging te doen wat aansluit by die oorkoepelende tema en verwante temas/terreine. 'n Opsomming van ongeveer 350 woorde van u beplande referaat word gevra. U voorlegging moet vergesel gaan van 'n kort CV (twee of drie paragrawe in prosastyl) en 'n hoëresolusiefoto van uself. Verskaf ook asseblief u volle name en van, titel, adres, e-posadres, landlyn- en/of selfoonnommer.

Voorleggings moet voor **31 Mei 2020** aan dr. Linda Brink gestuur word by linda@akademie.co.za. Versoeke om bepaalde plasings op die program kan ongelukkig nie oorweeg word nie. 'n Keurkomitee sal finaal oor elke voorlegging besluit. Omdat ruimte op die program beperk is, sal keuring by 'n ooraanbod moet plaasvind.

Registrasiegelde vir die simposium:	
Koste vir die twee dae – Donderdag en Vrydag	R800 per persoon
Koste per dag – Donderdag of Vrydag	R600 per persoon

Die voorlopige program lyk soos volg:

Donderdag 17 September 2020

08:30 tot 10:00	Algemene Jaarvergadering
10:00 tot 10:30	Tee/koffie en verversings
10:30 tot 13:00	Referate
13:00 tot 14:00	Middagete
14:00 tot 15:30	Referate
15:30 tot 16:00	Tee/koffie en verversings
16:00 tot 18:00	Referate
18:00 tot 19:00	Skemeronthaal
19:00 tot 21:00	Openingsplegtigheid: Voorsittersrede Referaat: Gasspreker

Vrydag 18 September 2020

08:30 tot 10:00	Referate (vervolg)
10:00 tot 10:30	Tee/koffie en verversings
10:30 tot 12:30	Referate
12:30 tot 13:30	Middagete
13:30 tot 15:00	Referate
15:00 tot 15:05	Afsluiting

Vrydagaand, 18 September 2020
Bekroningsplegtigheid en onthaal

Prof. Anne-Marie Beukes
Hoof- Uitvoerende Beampte